**Les 18 Die snaakste speel-speel bekering in die hele wêreld: God se bekering.**

**1.God draai ons met twee bekerings na Hom toe.**

In ons vorige twee lesse het ons gesien daar is regtig twee soorte draaie waarmee die Here ons na Hom toe draai. Dit het ons gesien in Klaagliedere "Bekeer ons tot U Here dan sal ons ons bekeer."

1.Hy draai ons na sy genade en liefde toe, weg van ons tempelspeletjies.

2.Hy draai ons in sy liefde weg van wat sy wet vir ons wys is verkeerd na wat sy wet vir ons wys wat is reg.

**2.Elke draai laat ons iets anders doen.**

Elke soort draai waarmee die Here ons draai laat ons iets anders doen.

Wanneer die Here ons na sy liefde en genade toe draai, dan maak dit dat ons die Here vertrou. Ons vertrou die Here vir sy liefde en genade. Daarom sê die Bybel dat "laat ons tot God nader met 'n opregte hart en volle geloofsekerheid. Heb.10:19"

Vertroue is die manier waarop ons altyd na die Here draai en vra dat Hy ons vergewe, ons help, ons lei en beskerm.

Wanneer die Here ons in sy liefde draai van wat verkeerd is na wat reg is, dan sê ons vir die Here ons is jammer vir wat ons verkeer gedoen het en dan wil doen wat die Here vir ons wys.

Hierdie dinge wat ons doen met die tweede soort draai noem die Bybel baie keer gehoorsaamheid.

God draai ons met twee soorte draaie: na sy liefde en dan maak die Here dat ons Hom vertrou en na sy wet toe en dan maak die Here ons gehoorsaam.

**3.'n Heel ander soort draai.**

Kyk na hierdie ander soort draai wat heeltemal anders is as die twee draaie waarmee die Here ons elke dag omdraai:

"Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: "My Vader" en vir 'n klip: "U het my in die wêreld ingebring. Na my toe het hulle hul rug gedraai in plaas van hulle gesig."

Hierdie mense is besig waarmee ons die begin van die jaar geleer het: hulle maak van die Here 'n beeldjie en dan draai hulle na die beeldjie toe en vertroue die beeldjie en luister na wat die beeldjie vir hulle wys wat is reg en verkeerd.

Kan julle hierdie lesse onthou?

Wie is regtig wie se beeld? Is dit God wat ons maak soos Hy ons wil hê of is dit ons wat God maak soos ons Hom wil hê? Ons is God se beeldjie:

- God gebruik ons waarvoor Hy ons wil gebruik;
- God sit ons in die gesin, skool, dorp en land waar Hy ons wil hê,
- God gee vir ons ŉ blyplek en
- God gee stel ons aan as bestuurders vir wat Hy wil doen.

Kyk wat doen hierdie mense! Hulle maak God hulle beeldjie:

- God lyk soos hulle Hom maak uit hout of klip.
- Hulle sit God waar hulle Hom wil sit.
- Hulle gee vir God sy blyplek
- Hulle stel god aan as hulle bestuurder.

Hulle verdraai alles met hulle beeldjie van God. Hulle maak die draai heeltemal anders. Hulle draai nie om soos God hulle draai nie. Hulle draai God om.

Wanneer jy God jou beeldjie gemaak het, het jou God omgedraai. Hierdie draai is heeltemal anders as bekering.

**4.Hierdie draai is wegdraai van God af.**

Kyk wat noem die Bybel hierdie soort draai: dit is rug draai! Hulle draai om, amper net soos met ŉ bekering. Hulle draai ook om van waarheen hulle op pad moes wees in presies die teenoorgestelde rigting.

Hulle draai nie na God toe nie. Hulle draai hulle rug na God toe. Wanneer jy jou rug op God draai, dan draai jy weg van God af. Wanneer jy met jou gesig na God toe gaan, dan bekeer jy na die Here toe, maar wanneer jy na ŉ beeldjie toe draai, dan draai jy weg van God af.

- Wanneer jy God wat jou maak soos Hy jou wil hê, omdraai na: jy maak God soos jy Hom wil hê, dan is hierdie draai wat jy maak: wegdraai van God!

- Wanneer jy God wat jou op jou plek sit, draai na jy wat God op sy plek sit, dan is dit wegdraai van God.

- Wanneer jy God omdraai en vir Hom ŉ blyplek wil gee en nie aanvaar dat dit God is wat vir jou ŉ blyplek gee nie, dan is dit wegdraai van God af.

- ➢ Wanneer jy God as jou bestuurder aanstel en jy nie aanvaar die Here stel jou aan om die werk te bestuur wat Hy vir jou gee nie, dan is dit wegdraai van God af.

**5.Speel-speel dominees draai bekering onderste bo.**

Wat maak speel-speel dominees met die manier waarop God ons draai en die manier waarop mense wegdraai van God!

Nou moet julle nie skoon dronk word van al die draaie nie. Hulle draai dit om. Hulle noem dit wat die Bybel die wegdraai van God en rug draai op God – die regte bekering!

Luister na die volgende sinne en dan besluit julle is dit bekering of wegdraai van God af.

Jy moet God op die troon van jou lewe sit! God sit in die hemel op sy hemelse troon en wat sê hierdie dominee? Jy moet God laat omdraai van sy hemelse troon en op jou hart se troon sit! Wanneer iemand dit doen, is die wegdraai van God of bekering tot God?

Wie moet nou omdraai? As God mos van sy hemelse troon moet afkom na die troon op jou hart, dan is dit God wat moet omdraai!

Wat is ŉ regte bekering: ons wat God omdraai of God wat ons omdraai?

Die regte bekering is wanneer God ons omdraai. Hierdie draai wat die dominee maak is nie ŉ bekring nie. Dit is wegdraai van en rugdraai op God.

Hy draai weg van die Here in die hemel en draai sy rug op die Here in die hemel en maak asof daar ŉ Here op sy hart sit: Hy verdraai die beeld van die Here.

Dit is ŉ baie groot kuns wat ons moet leer: watter bekerings is Bybelse belering en watter is speel-speel bekerings. Bekerings waar mense God probeer draai en nie draai soos God hulle omdraai nie.

Volgende keer gaan ons oefen om te kyk of ons hierdie regte bekerings kan raaksien en ook kan sien watter is wegdraai van die Here, al noem mense dit bekerings.